

# Sebra-leesboeke Groen-reeks

# Aktiwiteite

















Shuter & Shooter
PIETERMARITZBURG • JOHANNESBURG • OOS-LONDEN • KAAPSTAD

Die outeurs en uitgewer erken met dankbaarheid verlof om kopieregmateriaal in hierdie werkvelle te gebruik.
Alle redelike pogings is aangewend om kopiereghouers op te spoor. Die uitgewers verneem graag van inligting wat hulle in staat sal stel om enige weglatings of regstellings in hieropvolgende oplae reg te stel.

www.shuters.co.za
Shuter&Shooter
@Shuters

Shuter & Shooter Uitgewers (Edms.) Bpk.
Shuters House, CB Downesweg 110, Pietermaritzburg 3201, KwaZulu-Natal, Suid-Afrika
Posbus 61, Mkondeni 3212, KwaZulu-Natal, Suid-Afrika

Kopiereg © Shuter & Shooter Uitgewers (Edms.) Bpk. 2019


Eerste uitgawe 2019

TM2001336

THIS IS AN AFRIKAANS ACTIVITY BOOK


Sebra-leesboeke

# Groen-reeks

















| Inhoud | Datum voltooi |
|---|---|
| **Doef, dwaf, doink!** | |
| Aktiwiteit 1 | |
| Aktiwiteit 2 | |
| Aktiwiteit 3 | |
| Aktiwiteit 4 | |
| Aktiwiteit 5 | |
| Aktiwiteit 6 | |
| **Morsjorse** | |
| Aktiwiteit 1 | |
| Aktiwiteit 2 | |
| Aktiwiteit 3 | |
| Aktiwiteit 4 | |
| **Die bos-basaar** | |
| Aktiwiteit 1 | |
| Aktiwiteit 2 | |
| Aktiwiteit 3 | |
| Aktiwiteit 4 | |
| Aktiwiteit 5 | |
| Aktiwiteit 6 | |
| **Net die beste** | |
| Aktiwiteit 1 | |
| Aktiwiteit 2 | |
| Aktiwiteit 3 | |
| Aktiwiteit 4 | |
| Aktiwiteit 5 | |
| Aktiwiteit 6 | |
| **Toer deur Suid-Afrika** | |
| Aktiwiteit 1 | |
| Aktiwiteit 2 | |
| Aktiwiteit 3 | |
| Aktiwiteit 4 | |

## Dink krities

### Syfer-legkaart

Doen die berekening in die boonste blokkie. Soek die letter wat dieselfde is as die antwoord van die berekening deur na die alfabet hieronder te kyk.

*Die eerste blokkie is as 'n voorbeeld vir jou gedoen.*

20 × 2 = 40          40 = R

| 20 × 2 | 70 – 3 |
|---|---|
| ***R*** | |

| 500 × 2 | 204 – 60 | 12 × 8 | 1 000 – 99 | 62 + 34 | 40 × 0 |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | |

| ½ van 80 | 158 – 14 | 11 × 4 |
|---|---|---|
| | | |

| 1 000 – 99 | 122 + 22 | 99 ÷ 3 | 72 × 2 | 100 – 38 | 40 – 35 |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | |

| A | B | C | D | E | F | G | H | I | J | K | L | M |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 42 | 1 | 3 | 44 | 144 | 54 | 0 | 12 | 96 | 16 | 3 | 901 | 35 |
| **N** | **O** | **P** | **Q** | **R** | **S** | **T** | **U** | **V** | **W** | **X** | **Y** | **Z** |
| 62 | 10 | 11 | 47 | *40* | 5 | 99 | 83 | 1 000 | 33 | 241 | 67 | 21 |

© Shuter & Shooter Uitgewers

## Woeker met woordeskat

**A Soek die diere in die alfabet-golf.**

KAMEELPERDOAPIEOSEEKOEIOLEEUDSPRINGBOK

MUISHONDHSEBRAVBLUIPERDMRENOSTER

**B Al hierdie diere maak geluide.**

Pas die diere by die geluide wat hulle maak.

| | |
|---|---|
| lag | padda |
| hoe-hoe | by |
| zoem | hiëna |
| brul | eend |
| kwaak | muis |
| piep | koei |
| bulk | leeu |
| kwaak | vark |
| snork | kat |
| spin | huil |

© Shuter & Shooter Uitgewers

# Doef, dwaf, doink!

## Toets jou begrip

**A Begripstoets**

Lees die storie noukeurig deur en beantwoord dan die vrae in volsinne.

1. Waarom kan Lukas nie aan die linkerkant van die pad verbysteek nie?
2. Waarom is dit vir Lukas gevaarlik om oor te beweeg na die regterkantse baan?
3. Dink jy dit is nodig om 'n sitplekgordel te dra? Gee 'n rede vir jou antwoord.
4. Waarom het Lukas nie gejaag nie, al was hy laat vir sy besoek aan Sollie Springbok?
5. Watter uitwerking het die maroelasap op die diere gehad?

**B Skryf een woord of 'n frase neer vir die volgende.**

Wat noem ons iemand wat te voet reis na sy bestemming? ________________

Voetgangers moet die straat by 'n ________________ oorsteek.

Gevaartekens is gewoonlik in die vorm van 'n ________________.

Inligtingstekens is gewoonlik ________________ van kleur of ________________ van vorm.

**Navorsingsaktiwiteit**

Gaan na jou skoolbiblioteek toe en lees na oor die maroelaboom. Teken 'n prentjie van die boom, vind uit waar dit groei, watter kenmerke dit het en waarvoor dit gebruik word.

© Shuter & Shooter Uitgewers

## Maak jou eie laslapwerk oor veiligheid

**Jy het die volgende nodig:**

*'n A4-bladsy* *Potloodkryte*
*Wiskunde-stel* *Potlood*

**Padveiligheid-laslapkombers**

Padtekens waarsku ons teen gevaar, gee inligting en sê hoe ons in verkeer moet optree.


Daar is drie hoofgroepe tekens.

**Reëlingstekens** – wys dat reëls gehoorsaam moet word.
*(Gewoonlik rond; donkerblou met 'n rooi rand.)*

**Gevaartekens** – wys vir bestuurders dat hulle versigtig moet wees en stadiger moet ry.
*(Gewoonlik driehoekig; blou met 'n rooi rand.)*

**Inligtingstekens** – gee rigting, afstand en algemene inligting.
*(Gewoonlik groen; reghoekige vorm.)*

Gebruik die verskillende vorms om jou eie laslapwerk te skep. Gebruik hierdie basiese vorms om mee te begin en voeg nog vorms by.



© SHUTER & SHOOTER UITGEWERS

# Doef, dwaf, doink!

## Toets jou kennis oor padtekens

Pas die volgende padtekens by die regte stelling.
Skryf die regte stelling onder die teken neer.

| | |
|---|---|
| Geen U-draai word toegelaat nie. | |
| Busstop | Voetoorgang |
| Stopteken | Fietsryers |












© Shuter & Shooter Uitgewers

## Skryf jou eie storie en speel met woordkettings


### Kreatiewe skryfwerk

Bestudeer die prent op bladsy 22 en skryf jou eie kort storie. Jou storie moet 'n boodskap oor padveiligheid bevat. Gebruik jou eie name vir die karakters of gebruik die name in die storie.

### Woordskakels

Skep 'n woordketting met die onderstaande woorde. Brei hierdie woordkettings uit tot tien skakels. Elke volgende skakel moet met die laaste letter van die woord voor hom begin.

*Byvoorbeeld:* Name van dogters: Santie; Erna; Anna; Alexis;
Sanet; Trui; Ingrid; Daleen; Nicola; Anel; Linda.



**Probeer die volgende op jou eie.**

Diere Seunsname Padveiligheid

© Shuter & Shooter Uitgewers

## Gebruik kritiese denke

### Probleemoplossing en oplossingsmatte

Wanneer ons die storie van Blikkies Brak en die vuil dorp gelees het, besef ons dat diere ’n ernstige besoedelingsprobleem in die gesig staar.

Kom ons probeer hulle help deur ’n probleem te stel en ’n oplossing te bied. Jy moet saam met ’n maat werk. Gebruik die matte wat voorsien word en skryf die probleem neer. Ruil die probleem met jou maat uit en skryf oplossings neer vir die probleme wat jou maat genoem het. Wanneer almal klaar is, kan dit met die hele klas bespreek word.

| Probleem | Probleem | Probleem | Probleem | Probleem | Probleem |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | |
| **Oplossing** | **Oplossing** | **Oplossing** | **Oplossing** | **Oplossing** | **Oplossing** |
| | | | | | |

© Shuter & Shooter Uitgewers

## Dink na oor die omgewing

Ontwerp 'n plakkaat of 'n logo op 'n A4-bladsy. Gebruik een van die volgende gedagtes as 'n tema.

- Beskerm ons wilde diere.
- Hou ons skool skoon.
- Bewaar ons seelewe.
- Herwin om ons hulpbronne te beskerm.



© Shuter & Shooter Uitgewers

## Kraak die kode

### Gebruik die kode om die boodskap te ontsyfer

Elke simbool staan vir 'n letter. Die letter vir elke simbool kry jy in die kode hieronder. Skryf die letter wat by elke simbool hoort neer om die antwoorde op die vrae op die volgende bladsy te kry.



# Morsjorse

*Vervolg*

1. Plaas jou vullis in 'n vullis.

   ____________________

2. Vullis vernietig ons .

   ____________________

3. Plastieksakke is 

   ____________________ vir diere.

4. Seekatte het hul 

   ____________________ nodig om te swem en kos te vang.

5. Die persoon wat siek diere dokter, word 'n

    ____________________ genoem.

6. Ontsyfer die volgende boodskap.

   .

   ________________________________________ .

**Uitdaging**
Skryf 'n paar boodskappe wat oor die omgewing handel in simbole en vra jou vriende om die kode te kraak.

© Shuter & Shooter Uitgewers

# Speel met taal

## Dierierympies

Skryf jou eie dierierympies. Gebruik die geluide wat die diere maak en sê hoe hulle tot ons lewens bydra.

*Voorbeeld:*

Melk gee ek jou
en sê "moo-moo".
Dis gras wat ek kou
as jy dalk wil proe.

**Hier is 'n paar leidrade om jou te help.**

1. Kwaak-kwaak
2. Kloek-kloek
3. Runnik-runnik
4. Oink-oink
5. Mêê-mêê



© Shuter & Shooter Uitgewers

## Oefen versamelname

Pas die **versamelname** in die blokkie by die diere in die lys hieronder.

| | | | |
|---|---|---|---|
| **kolonie** | **trop** | **werpsel** | **kudde** |
| **span** | **skool** | **swerm** | |

*'n Versamelnaam is een woord wat 'n klomp van dieselfde items, mense of diere benoem, byvoorbeeld:*
*'n **span** osse.*

1. 'n ______________________ dolfyne
2. 'n ______________________ bye
3. 'n ______________________ miere
4. 'n ______________________ varkies
5. 'n ______________________ bobbejane
6. 'n ______________________ donkies
7. 'n ______________________ skape

© Shuter & Shooter Uitgewers

## Gebruik verskillende vorme vir diere


Die **manlike** en **vroulike geslag** en die name van hul **jongelinge** in 'n diere-familie verskil. Vul die ontbrekende name in.

| Manlik | Vroulik | Jongeling (kleintjie) |
|---|---|---|
| | leeuwyfie | |
| ram | | |
| | | olifantkalf |
| | hen | |
| hings | | |
| | | welp |
| beer | | |
| walvisbul | | |
| | gemsbokooi | |

© Shuter & Shooter Uitgewers

## Skep jou eie storieweb

Lees die storie en skep jou eie **storieweb**.




Volg hierdie instruksies om jou storieweb in te vul.

1. Skryf die hoofgedagte in die sirkel neer. Byvoorbeeld: Resiesdag vir die diere.
2. Gebruik een van die weblyne om die inleiding te skryf, een vir die ontwikkeling van die storie en een vir die slot van die storie.
3. Gebruik een weblyn vir die hoofkarakters.
4. Gebruik een vir die agtergrond (ruimte) van die storie en een vir die les of waardes wat deur die storie oorgedra word.
5. Gebruik sleutelwoorde en kort frases om jou storieweb te voltooi.

© Shuter & Shooter Uitgewers

# Ontwerp 'n treffende advertensie

## Die diere se resies

Daar heers groot opgewondenheid in die diere-wêreld aangesien dit tyd is vir die diere se belangrike resies.

Ontwerp 'n advertensie vir die diere se resies of wedloop. Moenie vergeet om besonderhede te gee van wat beskikbaar is, wat om te bring en wat die aard van die resies is nie. Lees die storie om jou te help met die besonderhede. Onthou om jou advertensie aantreklik te maak deur kleur en gepaste taal te gebruik. Skep 'n opvallende logo.



© Shuter & Shooter Uitgewers

## Speel met woorde

**Doen die volgende woordraaisel.**

Die "Wie's wie" van die dierewêreld gaan die bos-basaar bywoon. Probeer om hulle in die woordraaisel op te spoor en skryf hulle neer. Jy sal die antwoorde vertikaal en horisontaal vind. Die laaste letter van een dier kan die eerste letter van die volgende dier wees, byvoorbeeld: jakka**ls** en **s**lang.

| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| j | a | k | k | a | l | s | k | a | t | h |
| k | k | o | e | i | h | i | e | n | a | a |
| l | e | e | u | b | o | k | j | h | x | a |
| w | i | l | d | e | b | e | e | s | y | s |
| b | o | b | b | e | j | a | a | n | w | k |
| v | o | l | i | f | a | n | t | z | o | r |
| a | k | o | n | y | n | v | o | e | l | a |
| r | a | r | e | n | d | i | w | q | f | a |
| k | x | r | e | n | o | s | t | e | r | i |
| j | a | g | l | u | i | p | e | r | d | b |


© Shuter & Shooter Uitgewers

## Toets jou begrip

### A Begripsvrae

1. Wat dink jy van Louis Leeu?
2. Soek die inligting wat vir ons sê dat Jagie Jagluiperd nie windmakerig is nie.
3. Dink jy Hilda Haas het verdien om te wen? Waarom?
4. Wat is jou mening oor Sarel Seekoei? Gee redes vir jou antwoord.
5. Salie en Seka het ons bewondering afgedwing. Verduidelik waarom ons hulle bewonder.

### B Ontwerp 'n medalje vir Hilda Haas.




© Shuter & Shooter Uitgewers

# Doen 'n woordsoekspeletjie

## Wegkruipdiere

Verpleegster Frieda was baie bekommerd oor die welstand van haar pasiënte; dus het sy besluit om 'n speletjie te speel om hulle besig te hou. Die naam van die speletjie is "Wegkruipdiere" en die diere kom in die woorde hieronder voor. Soek die dier of insek in die woord en skryf dit neer.

1. katastrofe ______________________
2. krot ______________________
3. bros ______________________
4. visie ______________________
5. ontbeer ______________________
6. bokkom ______________________
7. haastig ______________________
8. bulder ______________________
9. bevlieg ______________________
10. skuil ______________________
11. voortvarend ______________________
12. gaap ______________________
13. behendig ______________________

© Shuter & Shooter Uitgewers

## Pas dele bymekaar

**A** Pas die begin van die sin by 'n gepaste slot.

| | |
|---|---|
| • Igor Ystervark | twee besoekers op 'n slag te hê. |
| • Verpleegster Frieda | kort 'n goeie borsel. |
| • Horries Hiëna se hare | steur die pasiënte in die hospitaal. |
| • Mense is in die hospitaal | was baie bekommerd oor haar pasiënte. |
| • Geraas | het sy snoet seergemaak en dit was baie pynlik. |
| • Pasiënte behoort slegs | want hulle is siek. |

**B** Skryf neer wat jy dink op die teken gestaan het wat Verpleegster Frieda gemaak het.

________________________________________

________________________________________

________________________________________

© Shuter & Shooter Uitgewers

## Werk met taalstrukture

**A** Voeg 'n voor- of agtervoegsel by die onderstreepte woorde sodat die sin betekenisvol is.

'n **Voorvoegsel** word voor en 'n agtervoegsel agter aan 'n woord gevoeg om die woordvorm te verander.
*Voorbeelde van voegsels is -lik, -ing, -te, -ery, -asie, -on*

1. Die pasiënte se pyn is <u>draaglik</u>.
2. Die besoekers se <u>klets</u>, <u>lag</u>, en <u>skreeu</u> steur die pasiënte.
3. Die pasiëntjie begin <u>jammer</u> huil.
4. Die pasiënte hoor die <u>dreun</u> van die donderweer.
5. Verpleegster Frieda sê die pasiënte het 'n reg op vrede, <u>stil</u> en <u>konsidereer</u>.

## B Homofone

Kies die korrekte homofoon om die sinne te voltooi.

'n **Homofoon** is 'n woord wat net soos 'n ander woord klink, maar waarvan die spelling en betekenis van die ander woord s'n verskil.
*Voorbeeld: vier en fier*

1. Die hospitaalbed se los *boud/bout* moet vasgedraai word sodat dit nie uitmekaar val nie.
2. Die groot diere het *wyer/weier* beddens nodig om op te slaap in die hospitaal.
3. Die siek pasiënte *ly/lei* erge pyn.
4. Hulle het baie *moet/moed* om so vas te byt.

© Shuter & Shooter Uitgewers

## Woeker met taal

### A Voltooi die vergelykings.

'n **Vergelyking** stel een ding teenoor 'n ander om ooreenkomste of verskille te ontdek.
*Voorbeeld: So mak soos 'n lam*

1. So blind soos 'n ______________________________ .
2. So skelm soos 'n ______________________________ .
3. So besig soos 'n ______________________________ .
4. So stadig soos 'n ______________________________ .
5. So glad soos 'n ______________________________ .
6. So steeks soos 'n ______________________________ .
7. So wys soos 'n ______________________________ .

**B** Bekende name wat vir verskeie karakters geskep is, maak gebruik van alliterasie, byvoorbeeld, "Donald Duck", "Mickey Mouse". Soek alliterende name in die storie en skryf dit neer.

**C** Teken 'n skets met leidrade om uit te vind wie Trudie se eiers gesteel het.

© Shuter & Shooter Uitgewers

## Brei jou woordeskat uit

**A Diere het spesiale huise. Pas die dier by sy huis.**

| Huis | Dier |
|---|---|
| kraal | mol |
| nes in boom | konyn |
| eekhoringnes | aap |
| ottergat | otter |
| perdebynes | mier |
| tonnel | eekhoring |
| gat | skaap |
| boom | perdeby |
| nes | arend |
| stal | hond |
| varkhok | by |
| skulp | slak |
| korf | perd |
| roofvoëlnes | vark |
| hondehok | voël |

**B** Skep 'n **plakkaat** vir 'n hospitaal wat die reëls van die siekesaal weergee.

*Byvoorbeeld:*

*Geen geraas is gedurende besoektye toelaatbaar nie.*
*Besoekure is tussen 15:00 en 16:00.*

© Shuter & Shooter Uitgewers

## Doen navorsing en skryf 'n paragraaf

Jy het met verskeie karakters in die Sebra-leesboeke se Groen-reeks kennis gemaak. Kies jou **gunstelingdier** en doen navorsing oor die volgende onderwerpe:

- Die fisiese kenmerke
- Die habitat van die dier
- Hoe dra die dier by tot ons lewens en ons omgewing?
- Loop die dier gevaar om uit te sterf? Indien wel, wat word gedoen om ons wilde diere te bewaar?
- Maak 'n skets van die dier.
- Skryf 'n paragraaf oor waarom dit noodsaaklik is om bedreigde diere te beskerm.



© Shuter & Shooter Uitgewers

## Toets jou begrip

### Begripstoets

1. Lees bladsy 3 en 4 van jou leesboek en beantwoord die volgende vrae.
   1.1 Wat beteken dit dat Suid-Afrika 'n land van "groot diversiteit" is?
   1.2 Waarom is die toerismebedryf belangrik vir ons land?
2. Kyk na die staafgrafiek op bladsy 5 van jou leesboek en beantwoord die vrae na aanleiding van die grafiek.
   2.1 In watter jaar het tien miljoen toeriste Suid-Afrika besoek?
   2.2 In watter jaar het die minste toeriste Suid-Afrika besoek?
   2.3 In watter jaar het die meeste toeriste Suid-Afrika besoek?
3. Lees bladsy 24 tot 27 in jou leesboek en beantwoord die volgende vrae.
   3.1 Watter twee belangrike diamante word in die opelugmuseum in Kimberley uitgestal? Waarom is dié twee diamante belangrik?
   3.2 Hoe kan toeriste tot bo op Tafelberg kom?
   3.3 Wat word 'n hoë grondgebied met 'n redelik plat oppervlak genoem?
4. Lees bladsy 30 en 31 van jou leesboek en beantwoord die volgende vrae.
   4.1 In watter twee parke in Suid-Afrika sal besoekers die Groot Vyf kan sien?
   4.2 Uit watter diere bestaan die Klein Vyf?

© Shuter & Shooter Uitgewers

# Speel met taal

## Woordraaisel

Soek die woorde, waarvan die volgende die definisies is, in die onderstaande woordraaisel.

- wat jou opgewonde maak
- iets wat met jou gebeur en waaruit jy iets leer
- plekke, streke
- belangrikste pad
- plek waar sterre waargeneem kan word
- wêreldwyd
- gebied met 'n spesifieke soort voorkoms
- plek waarheen jy op pad is
- twee mense, een voor en een agter

| | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| s | w | o | n | d | e | r | v | i | n | d | i | n | g |
| b | e | s | t | e | m | m | i | n | g | v | p | y | k |
| s | v | i | z | t | l | g | i | t | r | c | w | w | j |
| u | b | o | g | e | a | h | o | o | f | w | e | g | i |
| i | n | t | e | r | n | a | s | i | o | n | a | a | l |
| t | d | p | b | x | d | u | k | y | t | g | f | q | o |
| s | f | t | i | t | s | t | e | r | r | e | w | a | g |
| a | b | y | e | b | k | i | l | s | s | h | a | f | h |
| q | m | r | d | t | a | n | d | e | m | k | m | c | s |
| c | j | x | e | o | p | w | i | n | d | e | n | d | e |

© Shuter & Shooter Uitgewers

## Werk met taalstrukture

Gebruik **voor-** en/of **agtervoegsels** om die regte vorm van die woorde tussen hakies neer te skryf.

1. Baie (toer) besoek Suid-Afrika.
2. Suid-Afrika is 'n land van groot (skoon).
3. Suid-Afrika het die derde grootste (verskeie) plant- en dierelewe in die wêreld.
4. Die inkomste uit (toer) help met die (ontwikkel) van ons land.
5. Hoe meer geld daar in die land is, hoe groter is die kans dat Suid-Afrikaners hul lewens kan (beter).
6. In 1994 het Suid-Afrika sy eerste (demokrasie) verkiesing gehou.
7. (Besoek) aan Suid-Afrika wil meer van ons land se geskiedenis en kulture leer.
8. Groot vliegtuie word vir internasionale (vlieg) gebruik.
9. Die berge, valleie, riviere en watervalle van Mpumalanga is (skouspel).
10. Die N1 loop (noord) na Limpopo.
11. Haainette hou die strande veilig vir (swem).
12. Mense se (veilig) is belangrik op ons strande.




© Shuter & Shooter Uitgewers

## Doen navorsing en skryf ’n paragraaf


### Navorsingsaktiwiteit

Die leesboek neem jou deur verskeie dorpe en stede wat toeriste-aantreklikhede in Suid-Afrika is.

Kies die dorp of stad wat jy graag sou wou besoek as jy deur Suid-Afrika reis.

Doen navorsing oor die dorp of stad van jou keuse en voer die volgende opdragte uit.


- Waar is die dorp of stad geleë?
- Hoe lyk die plantegroei en dierelewe in die omgewing waar die dorp/stad geleë is?
- Watter toeriste-aantreklikhede is daar in of naby die dorp/stad?
- Teken ’n prent van een van die toeriste-aantreklikhede wat jy graag sal wil sien.
- Skryf ’n paragraaf van ongeveer 180 tot 200 woorde oor waarom jy graag spesifiek dié dorp/stad wil besoek.



© Shuter & Shooter Uitgewers


Sebra-leesboeke


# Antwoorde vir die aktiwiteite oor die Groen-leesboeke











© Shuter & Shooter Uitgewers

# Groen Sebra-leesboeke

## Boek 1: Doef, dwaf, doink! — Aktiwiteit 1

| 20 × 2 = **40** | 70 – 3 = **67** |
|---|---|
| **R** | **Y** |

| 500 x 2 = **1 000** | 204 – 60 = **144** | 12 × 8 = **96** | 1 000 – 99 = **901** | 63 + 33 = **96** | 40 – 40 = **0** |
|---|---|---|---|---|---|
| **V** | **E** | **I** | **L** | **I** | **G** |

| ½ van 80 = **40** | 158 – 14 = **144** | 11 × 4 = **44** |
|---|---|---|
| **R** | **E** | **D** |

| 1 000 – 99 = **901** | 122 + 22 = **144** | 99 ÷ 3 = **33** | 72 × 2 = **144** | 100 – 38 = **62** | 40 – 35 = **5** |
|---|---|---|---|---|---|
| **L** | **E** | **W** | **E** | **N** | **S** |

## Boek 1: Doef, dwaf, doink! — Aktiwiteit 2

**A**

kameelperd apie seekoei leeu springbok
muishond sebra luiperd renoster

**B**

| | |
|---|---|
| kwaak | padda |
| zoem | by |
| lag | hiëna |
| kwaak | eend |
| piep | muis |
| bulk | koei |
| brul | leeu |
| snork | vark |
| spin | kat |
| hoe-hoe | uil |

## Boek 1: Doef, dwaf, doink! — Aktiwiteit 3

**A Begripstoets**

1. Lukas kan nie aan die linkerkant van die pad verbysteek nie, want hy sal op die sypaadjie ry en 'n voetganger omry.
2. Dit is gevaarlik, want Lukas sal in 'n botsing wees as hy in die aankomende verkeer vasry.
3. Dit is nodig om 'n sitplekgordel te dra sodat 'n mens nie deur die voorruit vlieg wanneer daar 'n botsing is nie.
4. Lukas het nie gejaag nie, want die pad was nat.
5. Die maroelasap het die diere duiselig laat voel en verspotte goed laat doen.

**B**

1. voetganger
2. Voetgangers moet die straat by 'n **voetoorgang** oorsteek.
3. Gevaartekens is gewoonlik in die vorm van 'n **driehoek**.
4. Inligtingstekens is gewoonlik **groen** van kleur of **reghoekig** van vorm.

## Boek 1: Doef, dwaf, doink! — Aktiwiteit 4

Leerders skep 'n laslapkombers.

## Boek 1: Doef, dwaf, doink! — Aktiwiteit 5


Geen U-draai word toegelaat nie.



Stopteken


Busstop


Fietsryers


Voetoorgang

## Boek 1: Doef, dwaf, doink! — Aktiwiteit 6

Leerders skryf hul eie kort storie.

**Diere:** kat, tier, rob, bobbejaan, nagaap, perd, dassie, eend, donkie, eland

**Seunsname:** Pieter, Riaan, Nico, Okkie, Eduan, Neels, Sarel, Leopold, Dawid, Dewald

**Padveiligheid:** voetoorgang, gevaarteken, noodwa, ens.

## Boek 2: Morsjorse — Aktiwiteit 1

Leerders identifiseer probleme en oplossings.

## Boek 2: Morsjorse — Aktiwiteit 2

Leerders ontwerp 'n plakkaat of logo.

## Boek 2: Morsjorse — Aktiwiteit 3

1. Plaas jou vullis in 'n vullis**blik**.
2. Vullis vernietig ons **omgewing**.
3. Plastieksakke is **gevaarlik** vir diere.
4. Seekatte het hul **tentakels** nodig om te swem en kos te vang.
5. Die persoon wat siek diere dokter, word 'n **veearts** genoem.
6. Ontsyfer die volgende boodskap. **Red ons omgewing**.

## Boek 2: Morsjorse — Aktiwiteit 4

Leerders skryf hul eie dierrympies.

## Boek 3: Die bos-basaar — Aktiwiteit 1

1. 'n **skool** dolfyne
2. 'n **swerm** bye
3. 'n **kolonie** miere
4. 'n **werpsel** varkies
5. 'n **trop** bobbejane
6. 'n **span** donkies
7. 'n **kudde** skape

## Boek 3: Die bos-basaar — Aktiwiteit 2

| Manlik | Vroulik | Jongeling/kleintjie |
|---|---|---|
| leeumannetjie | leeuwyfie | leeuwelpie |
| ram | ooi | lam |
| olifantbul | olifantkoei | olifantkalf |
| haan | hen | kuiken |
| hings | merrie | vul |
| reun | teef | welp |
| beer | sog | welp |
| walvisbul | walviskoei | walviskalf |
| gemsbokram | gemsbokooi | gemsboklam |

| Boek 3: Die bos-basaar | Aktiwiteit 3 |
|---|---|

Leerders voltooi ’n storieweb.

| Boek 3: Die bos-basaar | Aktiwiteit 4 |
|---|---|

Leerders ontwerp hul eie advertensie.

| Boek 3: Die bos-basaar | Aktiwiteit 5 |
|---|---|

**Dwars:** jakkals, kat, koei, hiëna, leeu, bok, wildebees, bobbejaan, olifant, konyn, voël, arend, renoster, jagluiperd

**Af:** vark, wolf, haas, kraai

| Boek 3: Die bos-basaar | Aktiwiteit 6 |
|---|---|

**A**

1. Louis dink hy is die sterkste en mooiste dier. Hy hou daarvan om te spog.
2. “Jagie is nie een om groot te praat nie.”
3. Hilda Haas het verdien om te wen, want haar gesin het die prys nodig en sy is ’n vriendelike, gawe haas.
4. Sarel Seekoei is skelm, want hy wou verneuk in die resies. Hy is ongevoelig teenoor sy kinders, want hy wil hulle straf omdat hulle nie wil verneuk nie en die regte ding wil doen.
5. Ons bewonder vir Salie en Seka omdat hulle eerlik was en die regte ding gedoen het eerder as om te verneuk.

**B** Leerders ontwerp ’n medalje vir Hilda Haas.

| Boek 4: Net die beste | Aktiwiteit 1 |
|---|---|

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1. kat | 2. rot | 3. os | 4. vis | |
| 5. beer | 6. bok | 7. haas | 8. bul | |
| 9. vlieg | 10. uil | 11. arend | 12. aap | 13. hen |

| Boek 4: Net die beste | Aktiwiteit 2 |
|---|---|

**A**

1. Igor Ystervark **het sy snoet seergemaak en dit was baie pynlik**.
2. Verpleegster Frieda **was baie bekommerd oor haar pasiënte**.
3. Horries Hiëna se hare **kort ’n goeie borsel**.
4. Mense is in die hospitaal, **want hulle is siek**.
5. Geraas **steur die pasiënte in die hospitaal**.
6. Pasiënte behoort slegs **twee besoekers op ’n slag te hê**.

**B** Leerders skryf wat hulle dink op Verpleegster Frieda se nuwe teken gestaan het.

## Boek 4: Net die beste — Aktiwiteit 3

**A**

1. Die pasiënte se pyn is <u>ondraaglik</u>.
2. Die besoekers se <u>kletsery</u>, <u>laggery</u>, en <u>skreeuery</u> steur die pasiënte.
3. Die pasiëntjie begin <u>jammerlik</u> huil.
4. Die pasiënte hoor die <u>dreuning</u> van die donderweer.
5. Verpleegster Frieda sê die pasiënte het 'n reg op vrede, <u>stilte</u> en <u>konsiderasie</u>.

**B**

1. Die hospitaalbed se los *bout* moet vasgedraai word sodat dit nie uitmekaar val nie.
2. Die groot diere het *wyer* beddens nodig om op te slaap in die hospitaal.
3. Die siek pasiënte *ly* erge pyn.
4. Hulle het baie *moed* om so vas te byt.

## Boek 4: Net die beste — Aktiwiteit 4

**A**

1. So blind soos 'n **mol**.
2. So skelm soos 'n **jakkals**.
3. So besig soos 'n **by**.
4. So stadig soos 'n **skilpad**.
5. So glad soos 'n **paling**.
6. So steeks soos 'n **donkie**.
7. So wys soos 'n **uil**.

**B**

Verpleegster Frieda, Dieter Dassie, Frik Vlakvark, Horries Hiëna, Baba Benjamin, Berta Bobbejaan, Trudie Tarentaal, Lungu Leeu, Zelda Sebra, Hompie Horingbek

**C**

Leerders teken 'n skets.

## Boek 4: Net die beste — Aktiwiteit 5

**A**

| Huis | Dier |
|---|---|
| tonnel | mol |
| gat | konyn |
| boom | aap |
| ottergat | otter |
| nes | mier |

| | |
|---|---|
| eekhoringnes | eekhoring |
| kraal | skaap |
| perdebynes | perdeby |
| roofvoëlnes | arend |
| hondehok | hond |
| korf | by |
| skulp | slak |
| stal | perd |
| varkhok | vark |
| nes in boom | voël |

**B**

Leerders skep 'n plakkaat met reëls vir 'n hospitaal.

## Boek 4: Net die beste — Aktiwiteit 6

Leerders doen navorsing oor diere uit die reeks onder die volgende opskrifte:

- Fisiese kenmerke
- Habitat
- Bydrae tot ons lewens en ons omgewing
- Gevaar van uitsterwing
- Skets van die dier
- Paragraaf oor beskerming van bedreigde spesies

## Boek 5: Toer deur Suid-Afrika — Aktiwiteit 1

1.1 Daar is meer natuurwonders te sien as in die meeste ander lande en dit het die derde grootste verskeidenheid plant- en dierelewe in die wêreld.

1.2 Toeriste bring geld na ons land en die geld help om ons land te ontwikkel.

2.1 2008

2.2 2001

2.3 2010

3.1 Die Eureka-diamant – eerste diamant wat in Suid-Afrika ontdek is.
Die 616-diamant – grootste ongeslypte diamant ter wêreld.

3.2 Hulle kan stap en klim of met die sweefspoorkarretjie tot bo ry.

3.3 plato

4.1 Hluhluwe Umfolozi Park en Krugerwildtuin

4.2 buffelwewer, klaasneus, bergskilpad, mierleeularwe en renosterkewer

## Boek 5: Toer deur Suid-Afrika — Aktiwiteit 2

| | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| s | w | o | n | d | e | r | v | i | n | d | i | n | g |
| b | e | s | t | e | m | m | i | n | g | v | p | y | k |
| s | v | i | z | t | l | g | i | t | r | c | w | w | j |
| u | b | o | g | e | a | h | o | o | f | w | e | g | i |
| i | n | t | e | r | n | a | s | i | o | n | a | a | l |
| t | d | p | b | x | d | u | k | y | t | g | f | q | o |
| s | f | t | i | t | s | t | e | r | r | e | w | a | g |
| a | b | y | e | b | k | i | l | s | s | h | a | f | h |
| q | m | r | d | t | a | n | d | e | m | k | m | c | s |
| c | j | x | e | o | p | w | i | n | d | e | n | d | e |

## Boek 5: Toer deur Suid-Afrika — Aktiwiteit 3

1. toeriste
2. skoonheid
3. verskeidenheid
4. toerisme; ontwikkeling
5. verbeter
6. demokratiese
7. Besoekers
8. vlugte
9. skouspelagtig
10. noordwaarts
11. swemmers
12. veiligheid

## Boek 5: Toer deur Suid-Afrika — Aktiwiteit 4

Leerders vors die volgende na oor die dorp/stad van hul keuse:

- Ligging
- Plantegroei en dierelewe
- Toeriste-aantreklikhede
- Maak 'n skets van een van die toeriste-aantreklikhede wat hy/sy graag sal wil sien.
- Skryf 'n paragraaf van ongeveer 180 tot 200 woorde oor waarom hy/sy graag spesifiek dié dorp/stad wil besoek.